Wes-Kaapse Regering
Onderwys

VERWYSING: 20120810-0026
13/12/45

NAVRAE: N. Khan **TEL.:** 021 467 2000 **FAKS:** 021 467 2996

OMSENDBRIEF : **0003/2013**
VERVALDATUM : **GEEN**

AAN: **HOOFDIREKTEURE, DIREKTEURE, KRINGSPANBESTUURDERS, DISTRIKSDIREKTEURE, HOOFDE VAN ALLE ONDERWYSINRIGTINGS, PRINSIPALE EN VOORSITTERS VAN SKOOLBEHEERLIGGAME**

KORT OPSOMMING: *Die Nywerheidsoptrede-gebeurlikheidsplan om koördinasie van noodaktiwiteite tydens nywerheidsoptrede te verseker.*

ONDERWERP: **NYWERHEIDSOPTREDE-GEBEURLIKHEIDSPLAN**

1. Die doel van die aangehegte Nywerheidsoptrede-gebeurlikheidsplan is om te verseker dat die Wes-Kaap Onderwysdepartement aktiwiteite vir noodtoestande gedurende stakings koördineer en sinchroniseer. Die aangehegte Nywerheidsoptrede-gebeurlikheidsplan beskryf in hooftrekke die prosedures wat bestuurders moet volg om stakings doeltreffend te bestuur.

2. Die reg om te staak is 'n fundamentele reg en is verskans in artikel 23(2)(c) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996). Hierdie reg word beliggaam in Hoofstuk IV van die Wet op Arbeidsverhoudinge (Wet 66 van 1995).

3. Om die implikasies van die reg om te staak binne die openbareonderwyssektor te bestuur, is die Stakingsbestuursplan vir alle provinsies deur die Departement van Basiese Onderwys ontwikkel. Verder is die Generiese Gebeurlikheidsplan ontwikkel deur die Wes-Kaapse Regering om te verseker dat hierdie reg om te staak 'n minimale impak op alle provinsiale departemente het. Die Gebeurlikheidsplan is daarop gemik om voorgeskrewe verpligtinge en konsekwentheid te handhaaf.

4. Terwyl die Wes-Kaap Onderwysdepartement die reg om te staak en die plek daarvan in die onderhandelingsproses erken, is die Departement verplig is om artikel 28(2) van dieGrondwet, saamgelees met artikel 29(1)(a) te handhaaf, waar dit noem dat die beste belange van die kind, met inbegrip van die reg op basiese onderwys, die swaarste weeg in enige saak wat handel oor die kind.

5. Dit is dus binne die konteks van die beskerming van die beste belange van die leerders te midde van die reg van ons werknemers om te staak, dat hierdie Nywerheidsoptrede-gebeurlikheidsplan ontwikkel is binne die raamwerk van nasionale en provinsiale beleide.

6. Vergewis uself asseblief van die inhoud van die aangehegte Nywerheidsoptrede- gebeurlikheidsplan en bring dit onder die aandag van alle betrokke rolspelers.

GETEKEN: PA VINJEVOLD
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2013:01:14

Die volgende dokument(e) het betrekking op hierdie omsendbrief.
Adobe Acrobat Reader® word benodig om hierdie dokumente te lees / druk.
Kliek op die onderstaande titel: die dokument sal in Adobe Acrobat Reader® oopmaak waar u dit kan lees en/of druk.
Kliek op die WKOD-aanlyn logo aan die bokant van die skerm om terug te keer na die omsendbrief.
"*Industrial Action Contingency Plan*" (grootte: 176 KB)

na bo